# Wennerwoorde 5 van 2025

## ‘N GEDAGTE UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Gelukkige kinders presteer!*

*Indien jy ‘n kind soos ‘n WENNER behandel, hy/sy ook soos ‘n WENNER optree.*

## Leiersdiens

Ons wil baie dankie sê aan elke ouer en leerder wat op Sondag, 16 Februarie die leiersdiens by Kruik bygewoon het.

Ons glo die boodskap wat gedeel was, het ‘n diep en blywende impak op almal gehad.

Ons waardeer elke ouer se ondersteuning en die rol wat julle speel by ons skool.

## Woensdag Chat-Klub!

Ons Graad 7’s het Woendagmiddag meer oor hulle tienervelle en velsorg geleer.

Interessante feite is gedeel en hulle velle se vlak van hidrasie is ook sommer getoets.

Baie dankie aan Romy-Jane Houndalas van Medi-cosmetique Beauty Clinic vir haar tyd en praktiese raad!

## Atletiek

Ons deel graag die volgende uitslae van die afgelope week se atletiekbyeenkomste met u:

Baie geluk aan al die leerders wat Saterdag, 15 Februarie 2025 aan die GMM byeenkoms deelgeneem het. Julle het almal baie goed presteer. Ons stap weg met 50 podium plekke, waarvan 15 eerste plekke is en 35 van ons atlete dring deur na Gert Sibande byeenkoms wat op 22 Februarie 2025 plaasvind.

Dankie vir al die atlete, ouers en personeel wat van die seisoen ‘n sukses gemaak het. Sterkte aan elke atleet wat Saterdag deelneem.

Jy is reeds ‘n WENNER by Laerskool Secunda!



# Fietsry



Geagte Fietsry ouers.

Ons is baie opgewonde oor die fietsryseisoen wat voorlê.
Ons deel graag die volgende datums van die XCO reeks.

- 22 Maart – Middelburg
- 12 April – Klipspringer
- 10 Mei – Ermelo
- 31 Mei – Mankele

Fietsryers wat aan die XCO reeks deelneem oefen op hulle eie.

Die TWK skole reeks begin 21 Junie 2025. Dus begin ons oefeninge Dinsdag, 27 Mei om 16:00.

Oefentye: 16:00 – 17:00 Dinsdae en Donderdae – op die skool se rugbyveld.

Ons hoop om die jaar weer 'n groot groep fietsryers in te skryf. Alle ouderdomme is welkom.

Dagboek solank die fietsrykamp se datum 27 – 29 Junie.

Ons gaan Tranquilitas Adventure Farm toe en Marc gaan die instrukteur wees. Die naweek is vol trap en pret. Ouers is self verantwoordelik om verblyf te bespreek by Juffrou Joleen.

Verdere inligting rondom die TWK reeks en die fietsrykamp sal nog deurgegee word.

Fietsry groete.

# Swem

Sterkte aan ons swemmers wat aan die volgende rondte van die Skoleswem-liga gaan deelneem op Donderdag, 27 Februarie 2025 by Hoërskool Middelburg.

Baie geluk aan die swemmers wat die naweek aan die Klub-gala in Nelspruit deelgeneem het. Hulle tye verbeter so goed.

Sterkte vir die volgende Klub-gala op 1 Maart in Nelspruit.





## Redenaars

Die redenaars oefen baie hard. Sterkte vir die Interne redenaars wat plaasvind op Woensdag, 26 Februarie 2025.

Daar is vele redenaarskompetisies wat plaasvind hierdie jaar naamlik: Artistatue, Con Spirito en Radikale redenaars.

*Oefen met ywer en jy sal die vrugte pluk.*

- Afrigters: Juf. Marié Botha – Gr.1-3 en Gr.6-7
  Juf. Elizé Trollip – Gr.4-5

Oefentye is soos gereël deur elke leerling individueel.

## Hoërskool Secunda Rugby/Netbal fees.

Baie geluk aan ons 1ste Rugbyspan asook ons 0/13 Netbalspan wat tydens die fees gespeel het en uitstekend gevaar het.

Baie dankie aan al die afrigters se harde werk en aan ons ouerondersteuners.

Ons sien uit na 'n goeie Rugby en Netbal seisoen wat voorlê.









# SPOGWERK



GR.RRR - R

SEGOERIE KLEUTERSKOOL






https://rinalouwclinical.co.za/a-balanced-approach-to-mental-well-being-for-you-child/

Vriendelike groete



MNR. J. BOTHMA
HOOF

